

Laat sy Liefde jou Lei: Ken jy Hom?

Laat sy Liefde jou Lei: Ken jy Hom? – Milanie Vosloo

Kén jy Hom?

“U het gesê: ‘Luister, want Ek wil met jou praat! Ek sal jou vra, en jy moet My antwoord.’ Tot nou toe het ek net met my ore van U gehoor, maar nou het ek U met my eie oë gesien...” Job 42:4-5

Wanneer ken jy iemand? As jy weet wat sy naam, beroep en gesinsverband is? Wanneer jy sy persoonlikheid, gewoontes en voorkeure verstaan? Of is om te “ken” dalk meer intiem? Soos om werklik iemand se hart te hoor klop, begrip vir daardie persoon te hê en in ‘n persoonlike verhouding met hom/haar te leef?

Die feit is, God wil hê dat ons Hom regtig sal kén: dat ons so naby aan Hom sal leef dat ons sy grootheid sal sien, sy liefde werklik sal aanvoel, sy wil sal wéét en deurgaans bewustelik sal beleef dat Hy bý ons – ín ons – is. Wanneer ons Here bloot vir ons ‘n ‘n feitekennis-God is waarvan ons in die Bybel lees, kén ons Hom nie. En dan ... mis ons ‘n ongelooflike stuk rykdom in ons lewens.

God wil hê dat jy in ‘n intieme verhouding met Hom sal staan. ‘n Verhouding waarin jy daaglik sy hand neem, sy Woord jou eie maak, sy stem in jou lewe toelaat en sy leiding volg. Want wanneer jy dit doen, leef jy in ‘n nuwe dimensie met die Skepper, met jouself en met ander.

Laat toe dat die Gees aan jou openbaar wie God werklik is. Wie Hy vir jóú wil wees.

Maak Uself aan my bekend, grote God.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: Laat sy Liefde jou Lei, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Milanie Vosloo](#)